# GASSKRYWERSRUBRIEK/GUEST EDITORIAL

## OMGEWINGSOPVOEDING

Rocco Knobel

Dit word nie allerweë besef dat omgewingsopvoeding 'n begrip is met wydertakkende implikasies nie. Terselfdertyd ontketen die konsep ook uiteenlopende reaksies en interpretasies by die heterogene bevolking wat kenmerkend is van die populasiesamestelling van die Republiek van Suid-Afrika. Die inwoners van Bishop's Court, Houghton en Waterkloof sal heeltemal 'n ander siening van omgewingsopvoeding daarop na hou as die inwoners van Mitchell's Plain, Soweto of Mamelodi. Dit is te wagte en te begrype dat uiteenlopende interpretasies daaraan geheg sal word, en tog is daar iets in gemeen wat van toepassing is op al die uiteenlopende gemeenskappe - almal bestaan in 'n besondere omgewing wat met doelgerigtheid verbeter moet word en/of met woord en daad beskerm moet word teen agteruitgang of aftakeling.

Omgewingsopvoeding bestaan myns insiens dus uit aksie. So 'n aksieproses moet basies bestaan uit 'n beplande onderrig - of opvoedingsprogram - waardeur die individu blootgestel word aan

* volgehoue inligting wat feitelik korrek is en
* waardeur sy eie vaardighede verhoog word (deur fisies en psigies gemoeid to wees met die inligting waaroor hy beskik) en
* hy gevolglik in staat sal wees om die waardes wat hy aan die lewe heg vir homself te herformuleer en te handhaaf.

Die kombinasie van kennis, vaardigheid en sy eie waardebepaling word dan onwillekeurig saamgesnoer in 'n lewensbeskouing wat tot 'n groter mate in pas is met die omgewing en/of habitat waarin die individu hom bevind.

Die verskaffing van inligting, gegrond op feite, moet nie net 'n eenmalige blootstelling behels nie, maar moet as't ware aan moedersknie 'n aanvang neem. Dit moet 'n lewenslange proses wees van die pre-primêre fase op skool tot op gevorderde tersiêre vlak op universiteit of tegnikon. Waar opvoedkundige instansies gedurende die individu se lewe betrokke is, moet omgewingsopvoeding 'n gestruktureerde proses wees, verkieslik aangebied deur iemand met 'n bietjie agtergrond in opvoedkundige pedagogiek. Die individu moet deurlopend bewus gemaak word van sy omgewing en die gevolge van menslike optrede.

Omgewingsopvoeding moet poog om die mens bewus te maak van die interverwantskappe en interafhanklikheid van die individuele komponente waaruit sy omgewing bestaan. Dit beteken onder meer dat die persoon bewus moet wees van sy biologiese aard en wese waarin sy psigiese natuur gehuisves word en wat albei saamwerk om van hom 'n sosiologies-kultuurbewuste wese te maak wat binne die raamwerk van die omgewing (in die breë sin van die woord) moet funksioneer. Die totale afhanklikheid van die mens gesien in die lig van die globale 'umwelt' moet keer-op-keer weer by hom tuisgebring word. Die klem lê dus ook hier op die individu: omgewingsopvoeding (die blootstelling daaraan en die toepassing daarvan) moet dus van onmiddelike praktiese waarde wees in die persoon se onmiddelike omgewing en assimileerbaar wees vir sy agtergrond en kultuurverband. Dit is dan ook waar aktiewe deelname in die prentjie kom: as ek self geneë is om te besoedel (bv. rommel strooi), het dit geen sin om iemand anders tereg te wys nie. As die individu nie self bewus is van die balk in sy eie oog nie, sal hy kwalik die splinter in die oog van sy buurman kan raaksien. Omgewingsopvoeding moet dus elke individu se verantwoordelikheid ten opsigte van die omgewing beklemtoon: indien dit gebeur bestaan die skrale moontlikheid dat die voorbeeld van 'n eenmalige omgewingsbewarende optrede logaritmies sal toeneem in 'n bevolking wat deur honderd-duisende nagevolg sal word - die metamorfose van die denke van die massas is die enigste manier waarop omgewingsopvoeding moontlik kan slaag, maar die ontbrandingsvonk vir hierdie proses lê dan nog steeds by die individu. Omgewingsopvoeding moet dus, wat my betref, daarop gemik wees om individuele gedragspatrone sodanig te verander wat voordelig is vir die omgewing waarin die individu hom bevind, en as sodanig dus voordelig is vir sy medemens.

In die Nasionale Parke van die VSA word dit beklemtoon dat "... through interpretation comes understanding, through understanding ... appreciation and through appreciation ... conservation". Dit is klaarblyklik 'n kultuur-sosiologiese proses en as opgeleide sosioloog moet ek by herhaling beklemtoon dat die mens homself as 'n integrale deel van sy omgewing moet aanvaar en beskou. Die mens is nie 'n losstaande entiteit wat omgewingsopvoeding buite om homself heen formuleer en toepas nie. Omgewingsopvoeding kan en sal slegs suksesvol wees indien die individu (die opgeleide persoon sowel as die arbeider) 'n holistiese beskouing ontwikkel, waarin die mens self die spil vorm van sy biologiese en geestelike bestaan op aarde.

Toe ek as Direkteur van Nasionale Parke in die Republiek van Suid-Afrika in 1953 aangestel is, het ek as sosioloog as uitgangspunt gebruik die benadering dat die natuur nie terwille van die natuur bewaar word nie, maar terwille van die mens. Sommige van my kollegas het dit as godslasterlik bestempel. Dit was vir my egter nie moeilik om hulle gaandeweg te oortuig dat die mens - die selfsugtigste skepsel in die Skepping - niks sal bewaar wat nie vir hom tot voordeel is nie. Ek wil dus ook as 'n laaste gedagte in u midde lê die waarde wat die natuurlike omgewing, dit wil sê die nouer omskrywing van die omgewing nl. die natuur, vir die mens het.

Ek wil dus sê dat ons in ons konsep van omgewingsopvoeding altyd ook na vore moet bring die waarde van die omgewing as opvoeder. Kyk maar na die olifant om ware moederliefde te leer ken, die mier om arbeidsaamheid te waardeer, 'n sonsondergang oor die woestyn om te besef dat selfs 'n barre omgewing kan dien as inspirasie vir die pragtigste kunswerk, die voëlsang wat ons soggens wek met 'n oproep tot dankbaarheid vir nog 'n nuwe dag, droogte wat ons laat besef dat ons diep afhanklik is van die Skepper en die eensaamheid in die woestyn om ons die alomteenwoordigheid van God te laat belewe.

Omgewingsopvoeding is dus 'n tweerigting straat, nie 'n eenrigting- of doodloopstraat nie. Nee, dit is vir die opvoeder om die bewoners van 'n omgewing te leer om sy omgewing te ken en te respekteer. Dit is ook vir die opvoeder om na die natuurlike omgewing te luister en te hoor wat die natuur vir ons wil leer en dit dan deur te gee aan ander in die vorm van kennis, kunswerke, literatuur, musiek en 'n diepe afhanklikheid van die Skepper.

Die mens kan nie skep nie, hy kan nie eers herskep wat hy in die natuur vernietig het nie, hy kan net bewaar. Dit is ons plig as opvoeders om dit by ons mense van alle klasse en stande tuis te bring voor dit te laat is.